

My vriende in die Bybel


Ouers, kyk saam met julle kinders na die video *My vriende in die Bybel*. Gebruik dan hierdie aktiwiteit om hulle te leer hoe om gereeld persoonlike studie te doen.

NOAG

Hoekom het Jehovah besluit om alles op die aarde met die Vloed te vernietig?

Lees Genesis 6:5.

Kyk weer na les 5 in die boek *Lesse wat jy kan leer uit die Bybel*.



MOSES



Hoekom het Jehovah vir Moses gesê om sy sandale uit te trek toe hy naby die brandende doringbos gekom het?

Lees Eksodus 3:5.


Kyk na les 18 in die boek *Lesse wat jy kan leer uit die Bybel*.

GIDEON

Hoeveel mans het Jehovah gekies om Gideon te help om teen Midian te baklei?

Lees Rigters 7:7.

Kyk na les 34 in die boek *Lesse wat jy kan leer uit die Bybel*.



SAMUEL

Wanneer het Samuel se ma hom gevat om by Jehovah se tabernakel te gaan dien? Wat het sy elke jaar vir hom gedoen?

Lees 1 Samuel 1:24; 2:19.

Kyk na les 35 in die boek *Lesse wat jy kan leer uit die Bybel*.



DAWID



Hoe het Dawid die geveg teen Goliat gewen?


Lees 1 Samuel 17:45, 48, 49.

Kyk na les 40 in die boek *Lesse wat jy kan leer uit die Bybel*.

ABIGAIL

Hoe het Abigail gewys dat sy eers mooi gedink het voordat sy met Dawid gepraat het?
Lees 1 Samuel 25:26-28.

Kyk na hoofstuk 9 in die boek *Volg hulle geloof na*.



JONA


Hoe lank was Jona binne-in die groot vis?

Lees Jona 1:17.

Kyk na les 54 in die boek *Lesse wat jy kan leer uit die Bybel*.



JOSIA



Hoe oud was Josia toe hy begin leer het hoe om Jehovah te aanbid?

Lees 2 Kronieke 34:1-3.

Kyk na les 56 in die boek *Lesse wat jy kan leer uit die Bybel*.

JOSEF

Waarheen het Jehovah vir Josef gesê om te gaan sodat Jesus veilig kon wees?

Lees Matteus 2:13.

Kyk na les 71 in die boek *Lesse wat jy kan leer uit die Bybel*.

